HILLANDALE ROLBALKLUB

GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR

(Bylaag B tot die grondwet)

Alle lede staan in ’n vertrouensverhouding teenoor hulle klub sowel as teenoor die mense wat hulle verkies het, en het daarom ’n vertrouensplig teenoor die rolbalklub. Dít vereis dat lede te alle tye soos volg optree:

ALGEMENE GEDRAG VAN BESTUURSLEDE

1. Bestuurslede moet te alle tye:

1.1 met getrouheid, eerlikheid, integriteit, in goeder trou, en in belang van die klub optree, en nie by enige handeling betrokke raak wat die klub se goeie naam oneer aandoen nie;

1.2 vir die bestuur van die klub verantwoordelik wees.

1.3 die klub eties en ooreenkomstig onderstaande toepaslike wetgewing beheer:

1.3.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996;

1.3.2 die Nasionale rolbalvereniging se gedragskode; en

1.3.3 die bepalings van die grondwet van dié klub;

op ’n wyse wat doeltreffende, deursigtige en verantwoordbarebestuur voorsien, regverdigbare en gegronde besluite verseker, sowel as doeltreffende deelname aan die spel aanmoedig;

1.4 betrokkenheid vermy by enige handeling wat die klub kan benadeel, en die klub se goeie naam oneer aandoen, of die vertrouensverhouding tussen die bestuurslede of enige lid van die klub kan skaad;

1.5 op ʼn manier optree wat die geloofwaardigheid van die bestuur en die klub versterk;

1.6 verseker dat hulle besluite as bestuur prosedureel billik is en deur grondige redes gestaaf word;

1.7 eerlik en rasioneel optree, en nie arbitrêr en onverantwoordbaar nie;

1.8 optrede vermy wat ʼn gegronde vermoede van vooroordeel wek;

1.9 onbeïnvloed bly deur bybedoelings of bedekte beweegredes;

1.10 alle vorme van onbillike diskriminasie en onverdraagsaamheid bestry, deur te verseker dat alle lede, ongeag ras, kleur, etnisiteit, geslag, taal of geloof, volle voordeel van lidmaatskap ontvang binne die raamwerk van die klub se beleid;

1.11 op ʼn wyse optree wat bevorderlik is vir die vlot bedryf van die klub en vergaderings van die bestuur; en

1.12 die klub nie net gedurende die ampstermyn van die bestuur te onderhou nie, maar ook positief tot die ontwikkeling van die klub en die bestuurstrukture by te dra.

FINANSIËLE SAKE

2. Die bestuur moet:

2.1 jaarliks ʼn begroting opstel vir aanvaarding deur die lede;

2.2 op aanbeveling van die Finansiële-komitee die jaarlikse finansiële state goedkeur;

2.3 ʼn boekhoustelsel voorsien en bygewerk hou, en ʼn ledegeldfonds stig en bestuur;

2.4 ooreenkomstig klousule 1 optree in die administrasie, bestuur van die klub se finansies;

2.5 verseker dat daar in algehele eerlikheid met dokumente en rekords met betrekking tot klubfinansies gehandel word;

2.6 alles in hulle vermoë doen om te verseker dat die finansiële en ander hulpbronne van die klub verantwoordelik en verantwoordbaar aangewend word;

2.7 pogings aanwend om borgskappe, skenkings of vrywillige bydraes ten bate van die klub te bekom van individue en ondernemings in die gemeenskap ten einde die gehalte van die die klub en spel te verbeter;

2.8 verseker dat alle finansiële sake eerlik en ingevolge die toepaslike beleid, reëls, regulasies en voorskrifte geskied;

2.9 verseker dat alle sake met kommersiële banke op ’n behoorlike wyse en ingevolge toepaslike beleid en praktyke geskied;

2.10 tydig seker maak dat geen lid van die bestuur, of naaste familielede van lede van die bestuur, belange in finansiële sake met betrekking tot die bestuur het, sonder dat sodanige belange volledig openbaar gemaak word nie; en

2.11 doeltreffende en toepaslike stappe doen om onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes; verliese vanweë misdadige of onreëlmatige optrede, en enige uitgawe in stryd met klugbeleid te verhoed of te verhaal.

OPENBAARMAKING VAN INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE KLUB, LEDE, OF 'N WERKNEMER VAN DIE KLUB

3. Bestuurslede:

3.1 mag nie verklarings aan die media of enige persoon maak, of die media of enige persoon van inligting met betrekking tot die bestuur, enige lid van die bestuur, die klub, ’n lid of enige werknemer van die klub voorsien nie, tensy dit ingevolge die goedgekeurde beleid of reëls van die klub geskied;

3.2 mag nie met betrekking tot die bestuur of enige bestuurlid, die klub, ’n lid, of enige werknemer van die klub, valse inligting versprei of ongegronde bewerings maak nie;

3.3 moet alle inligting wat hulle as bestuurslede bekom, as vertroulik hanteer, tensy die reels van die klub anders bepaal;

3.4 mag nie enige inligting versprei wat die bestuur as vertroulik bestempel nie;

3.5 moet in die uitvoering van hulle pligte toegang hê tot privaat en vertroulike inligting van bestuurslede, lede en werknemers van die klub, welke inligting te alle tye as vertroulik beskou moet word;

3.6 moet gedurende sowel as ná hulle ampstermyn:

3.6.1 vertroulike inligting slegs vir die doel waarvoor dit bekend gemaak is, gebruik;

3.6.2 die privaatheid van enige sodanige inligting respekteer, en die vertroulikheid daarvan handhaaf; en

3.6.3 nie enige sodanige inligting openbaar maak nie, buiten in soverre dit nodig blyk te wees om hulle pligte ingevolge die klub se grondwet uit te voer.

PLIGTE VAN UITVOERENDE BESTUUR MET BETREKKING TOT BESTUURSVERGADERINGS

5. Lede van die bestuur moet:

5.1 minstens een maal per kwartaal vergader;

5.2 minstens een maal per jaar ’n vergadering met die lede hou waartydens verslag gedoen word van die jaar se werksaamhede.

5.3 van alle vergaderings notule hou;

5.4 alle vergaderings van die bestuur, subkomitees waarin hulle dien, bywoon; en

5.5 deeglike aandag bestee en oorweging skenk aan die sake wat by bestuursvergaderings bespreek gaan word.

WANGEDRAG

6. Bestuurslede is skuldig aan wangedrag indien hulle:

6.1 enige bepaling of verpligting van die Gedragskode oortree; en

6.2 enige gemeenregtelike of landswet oortree wat regstreeks met hulle lidmaatskap van die klub verband hou, of wat die klub of bestuur op enige wyse benadeel, of die klub of bestuur se goeie naam oneer aandoen.

PROSEDURE IN GEVAL VAN BEWEERDE WANGEDRAG

7. Onderstaande prosedure moet in geval van beweerde wangedrag gevolg word:

7.1 Alle klagtes oor die gedrag van ʼn lid van die bestuur moet aan die voorsitter van die UB gerig word.

7.2 Klagtes oor die gedrag van die voorsitter van die bestuur moet aan die ondervoorsitter gerig word.

7.3 Die voorsitter of ondervoorsitter, na gelang van omstandighede, sal by ontvangs van skriftelike bewerings van wangedrag die inligting ondersoek wat aan hom/haar voorgelê word, en bepaal of die bewerings van ʼn ernstige aard is of nie.

7.4 Die voorsitter kan kies om die lid slegs tereg te wys indien die klagte teen hom/haar van ʼn minder ernstige aard is.

7.5 Indien die bewerings van ʼn ernstige aard is en verwysing na die volle bestuur blyk te regverdig, sal die voorsitter ʼn buitengewone vergadering van die UB belê om die aangeleentheid te bespreek.

7.6 Indien die voorsitter/ondervoorsitter bepaal dat daar ʼn *prima facie*-saak bestaan, moet hy/sy die bestuur versoek om ʼn buitengewone vergadering van die UB te belê om die aangeleentheid te bespreek.

AANSTELLING VAN ONDERSOEKKOMITEE

8. Onderstaande prosedure moet met die aanstelling van ʼn ondersoekkomitee gevolg word:

8.1 By die vergadering soos in klousule 7.5 en 7.6 beoog, moet die UB ʼn komitee van minstens drie persone saamstel om die bewerings teen die lid te ondersoek.

8.2 Die UB kan ook nie-bestuurslede aanstel as lede van die komitee soos in klousule 8.1 beoog.

8.3 Die komitee moet:

8.3.1 binne ʼn redelike tyd (7 dae) ná sy aanstelling die aangeklaagde lid van ʼn skriftelike beskrywing van die bewerings van wangedrag teen hom/haar voorsien;

8.3.2 die lid geleentheid bied om skriftelike vertoë te rig binne 7 dae ná die datum waarop die skriftelike beskrywing van die bewerings van wangedrag aan hom/haar voorsien is;

8.3.3 sodanige vertoë oorweeg; en

8.3.4 ’n aanbeveling by die beheerliggaam maak.

AANBEVELING DEUR DIE ONDERSOEKKOMITEE

9.1 Die komitee kan aanbeveel dat:

9.1.1 die lid vrygespreek word by gebrek aan enige bewys dat die bewerings van wangedrag teen hom/haar waar is;

9.1.2 die lid tereggewys word; of

9.1.3 ’n aanbeveling maak om die lid uit die UB te skors, of sy/haar lidmaatskap van die UB te beëindig.

BESLUIT DEUR DIE UITVOERENDE BESTUUR

10.1 Die UB sal alle dokumente oorweeg wat na die bestuur verwys is;

10.2 Die UB sal hulle daarvan vergewis dat die prosedure soos in klousule 8 bepaal, gevolg is;

10.1.1 die saak op meriete beskou;

10.1.2 en ’n besluit neem om die aanbeveling van die ondersoekkomitee te bekragtig of te verwerp.

10.3 Indien die UB die aanbeveling van die ondersoek bekragtig bekragtig, moet die bestuur:

10.3.1 so spoedig moontlik die lid skriftelik daarvan in kennis stel;

10.3.2 skriftelike redes vir bestuur se besluit verstrek; en

10.2.3 die lid in kennis stel van sy/haar reg van appèl teen die besluit by die UB

10.4 In afwagting van die beslissing van die appèl, mag die lid nie aan UB bedrywighede deelneem nie.

10.5 Alle dokumentasie met betrekking tot die aangeleentheid vir ’n finale beslissing moet bewaar word.

APPÉL DEUR 'N LID VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR

11.1 Die appél moet:

11.1.1 binne 7 dae ná die datum van ontvangs skriftelik by die UB ingehandig word.

11.1.2 duidelike redes vir die appél aanvoer.

11.2 Die UB moet:

11.2.1 die appél oorweeg; en

11.2.2 die appél bekragtig of ter syde stel.

11.3 In afwagting van die beslissing van die appél, mag die lid nie aan beheerliggaambedrywighede deelneem nie.

AANVAAR EN GETEKEN DEUR AL DIE LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR OP

..... 2019

Voorsitter: _____

Ondervoorsitter: _____

Tesourier: _____

Sekretaris/esse: _____

Kompetisie sekr: _____

Kompetisie sekr: _____

Addisionele lid: _____

Addisionele lid: _____

Addisionele lid: _____